## APPENDIX 3: NEWSPAPER ADVERTISEMENT PROOFS



**Levi se hartjie loop oor van liefde, sê Mynie Mynhardt, bestuurder van die Tuinroete-Dierebeskermingsvereniging se Mosselbaaise tak.**
Foto: TUINROETE-DBV MOSSELBAAI

# Blinde hond steel harte in Mosselbaai

**Jackie Kruger**

'n Blinde drie maande oue labrador wat by die Tuinroete-Dierebeskermingsvereniging (DBV) in Mosselbaai in die Suid-Kaap beland het, is op soek na 'n nuwe tuiste.

Levi is op 3 Januarie aan die DBV oorhandig, sê Mynie Mynhardt, bestuurder van die DBV se Mosselbaaise tak.

"Tans weet ons nie hoe erg die graad van sy blindheid is nie. Ons sal eers 100% seker kan wees as ons hom na 'n veearts neem, maar soos dit vir ons lyk, is hy heeltemal blind gebore."

Volgens Mynhardt is Levi vol lewe en wil die heeltyd speel. "Hy het 'n mooi geaardheid en wil net mense se aanraking voel."

Mynhardt-hulle meen dat as labradors gebruik word om blinde mense te lei, kan mense wat sien 'n blinde labrador lei.

" 'n Blinde hond sal gou aanpas en leer met sy reuk- en gehoorsintuie," sê sy. "Levi moet na 'n baie liefdevolle huis gaan waar hy aandag kry by 'n toegewyde gesin. Dit sal fantasties wees as Levi ook 'n hondemaatjie kry wat hom kan lei en leer."

Volgens haar leer blinde diere net soos blinde mense gou hul gebied se uitleg ken. "Met tyd sal hulle ontdek hoe om van die kombuis na die sitkamer te kom sonder om teen dinge te stamp."

Sy sê honde kan klanke waarneem ver buite die grens van die menslike gehoor. Nog merkwaardiger is hul reukvermoë. " 'n Nat neus is ook vir 'n hond nodig omdat hy daarmee die rigting kan waarneem van die lugstroom wat 'n bepaalde reuk aandra."

"Die verlies aan sig sal sy reuk- en gehoorsintuie nog meer verskerp."

Vir meer inligting, bel die DBV by 044 693 0824 of besoek https://www.facebook.com/gardenroutespca.mosselbaai/

# Groep gaan betoog teen sirkus in Plet

**Jackie Kruger**

Nie minder nie as vier protesoptogte gaan die naweek in Plettenbergbaai in die Suid-Kaap gehou word ten tyde van 'n besoek van die McLaren-sirkus.

Die optogte vind van Vrydag tot Sondag onder die vaandel van Ban Animal Trading (Bat), 'n diereregte-organisasie sonder winsbejag, by die Plettenbergbaai-rugbyklub in Gris Nez-laan plaas.

Volgens inligting op Bat se Facebook-blad is die optogte wettig en sal dit vreedsaam verloop. Bat sê diere voer net toertjies uit omdat hulle gedwing word en bang is vir straf indien hulle dit nie doen nie. Sirkusse se opleidingsmetodes is ook twyfelagtig.

Sirkusdiere lê ook lang afstande af vir die grootste deel van die jaar in beknopte hokke en klein kampe. Diere het sosiale instinkte en wil graag by hul eie soort wees. Sirkusdiere doen dikwels beserings op wat verband hou met die wyse waarop hulle aangehou word of die toertjies wat hulle doen.

Sirkusdiere wat nie meer in staat is om op te tree nie word dikwels aan dieretuine of dierehandelaars verkoop. Diere in aanhouding raak gefrustreerd en ly aan geweldige stres, depressie en word verveeld, sê Bat.

Bat doen 'n beroep op mense om sirkusse te boikot wat diere gebruik en net sirkusse sonder diere te ondersteun.

Die protesoptogte vind Vrydag van 18:00 tot 19:00, Saterdag van 14:00 tot 15:00 en weer van 18:00 tot 19:00, en Sondag van 14:00 tot 15:00 plaas.

Volgens die McLaren-sirkus gaan sy vertonings in Plettenbergbaai voort ondanks die protesoptogte.

Karl Hildebrandt, woordvoerder van die McLaren-sirkus, sê by navraag die sirkus reis oral in die land en het 'n "sagte teiken" geword vir diereregteaktiviste wat dierewelsynkwessies propageer.

Volgens hom beskik die sirkus oor die nodige permitte en toestemming van die owerhede om in dorpe op te tree.

"Tot tyd en wyl die regering andersins besluit, sal ons steeds optree."

Hy sê die sirkusdiere se welsyn is 'n topprioriteit en hulle kom eerste. "Ons diere is die belangrikste."

Volgens hom is dit die eerste keer in 'n lang tyd dat die sirkus Plettenbergbaai besoek.

"Alles is nie net negatief nie. Daar is baie mense wat navraag doen en ons sien uit daarna om in Plettenbergbaai te wees."

# Clifton: Nuwe inligting ondersoek

**News24**

'n "Volskaalse ondersoek" na bewerings teen Professional Protection Alternatives (PPA) en die herrie oor Clifton se Vierde Strand is steeds onderweg nadat die reguleringsowerheid vir die private sekerheidsbedryf (Psira) bykomende verklarings van ooggetuies en "intieme inligting van klaers" bekom het.

In 'n verklaring het Psira Maandag gesê hoewel sy ondersoek na die sekerheidsmaatskappy afgehandel is, verplig die bykomende verklarings wat ontvang is hom om 'n dieper ondersoek te doen deur beëdigde verklarings rakende die bewerings van die publiek te bekom, asook oor die werklike verloop van sake op die dag.

'n Opskudding is gedurende die feestydperk veroorsaak toe die private sekerheidsmaatskappy op 23 Desember Clifton se Vierde Strand teen sononder vir die publiek gesluit het.

Faiez Jacobs, ANC-sekretaris in die Wes-Kaap, was onder die mense wat verjaag is en het volgehou dit



**Sekuriteitswagte op die strand.**
Foto: VERSKAF

was 'n voorval van rassisme, hoewel wit mense ook beveel is om die strand te verlaat.

Hy het daarna 'n betoging op die strand gelei.

Die PPA ontken dat hy die leiding geneem het met die sluiting van die strand en beweer hy het slegs die Kaapstad-metro se wetstoepassers vergesel nadat twee tienermeisies glo verkrag is.

Volgens die polisie is daar nie so 'n voorval aangemeld nie, hoewel hulle inligting gehad het wat daarop dui dat daar moontlik 'n poging tot seksuele aanranding van 'n 15-jarige meisie was.

Die voorval is glo deur mense op die strand gekeer, wat die voorval by die polisie aangemeld het, maar die tiener en haar familie het nie 'n saak aanhangig gemaak nie.

Ná die herrie wat gevolg het nadat die strand gesluit is, het die PPA aangekondig dat hy nie langer die polisie of enige ander wetstoepassingsagentskappe sal bystaan met patrollies op die Clifton-strand nie.

Mmatlou Sebogodi, waarnemende uitvoerende hoof van Psira, het gevra vir die "nodige tyd" om hul ondersoek af te handel.

"Ons is vasbeslote om die saak sonder aansiens des persoons op te los en ons wil die publiek vra om geduldig te wees tydens ons ondersoek waarin ons na al die kante van die saak sal kyk.

"Ons sal geen steen onaangeroer laat nie," het hy bygevoeg.

ARCUS

**NOTIFICATION OF ENVIRONMENTAL AUTHORISATION PROCESS**

Notice is hereby given of a Public Participation Process (PPP) to be undertaken in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended.

**DEA Reference Number:** To be allocated upon submission of application.

**Nature and Location of Activity:** Paulputs Wind Energy Facility (RF) (Pty) Ltd are proposing development of the Paulputs Wind Energy Facility (WEF) and associated grid connection, located approximately 50 km east of Pofadder in the Northern Cape Province. The proposed development will comprise up to 85 wind turbines and have a maximum generating capacity of 300 MW.

**An application for a Scoping and Environmental Impact Assessment (EIA) process for the proposed Paulputs Wind Energy Facility and associated infrastructure will be submitted to the competent authority, the Department of Environmental Affairs (DEA), for a decision.**

**Applicable NEMA Listed Activities:** LN1 GN R327 11 (i); 19; 24 (ii); 27; 48 (i) & 56 (i) (ii). LN2 GN R325 1 & 15 (i). LN3 GN R324 4(g)(ii)(ee); 10(g)(ii)(ee); 12(g)(ii); 14(g)(ii)(ff); 18(g)(ii)(ee) & 23(g)(ii)(ee).

Should you wish to be registered as an **Interested and Affected Party (I&AP)** and/or receive more information on the project, please respond to this notification by submitting your name, interest in the project, email address, postal address and telephone number as well as any comments in writing to the address provided below.

**KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGINGGSPROSES**

Kennis word hiermee gegee dat 'n Proses van Openbare Deelname (PPP) ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998), soos gewysig, onderneem word.

**DEA se verwysingsnommer:** Sal toegeken word by indiening van aansoek.

**Aard en ligging van aktiwiteit:** Paulputs Wind Energy Facility (RF) (Edms.) Bpk. stel die ontwikkeling van die Paulputs-windkragaanleg (WEF) en gepaardgaande infrastruktuur voor, wat ongeveer 50 km oos van Pofadder in die Noord-Kaap geleë is. Die voorgestelde ontwikkeling sal tot 85 windturbines beslaan en 'n maksimum opwekkingsvermoë van 300 MW genereer.

**'n Aansoek om 'n Omvangbepaling- en Omgewingsimpak-assesseringsproses (EIA) vir die voorgestelde Paulputs-windkragaanleg en gepaardgaande infrastruktuur sal aan die bevoegde owerheid, die Departement van Omgewingsake (DEA), vir 'n besluit voorgelê word.**

**NEMA Gelyste aktiwiteite:** LN1 GN R327 11 (i); 19; 24 (ii); 27; 48 (i) & 56 (i) (ii). LN2 GN R325 1 & 15 (i). LN3 GN R324 4(g)(ii)(ee); 10(g)(ii)(ee); 12(g)(ii); 14(g)(ii)(ff); 18(g)(ii)(ee) & 23(g)(ii)(ee).

Indien u geregistreer wil word as 'n **Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP)** en/of verdere inligting wil ontvang, stuur asseblief u naam, belang by die projek, e-posadres, posadres en telefoonnommer, asook enige skriftelike kommentaar aan die adres hieronder verskaf.

**Contact Details / Kontak Besonderhede**

**Contact Person / Kontakpersoon**: Aneesah Alwie **Arcus Consultancy Services South Africa,** Office 220 Cube Workspace, Cnr Long Street and Hans Strijdom Avenue, Cape Town, 8001 / h/v Langstraat en Hans Strijdom laan, Kaapstad, 8001; **Telephone / Telefoon:** +27 21 412 1529; **Fax / Faks:** +27 86 762 2885; **E-mail / E-pos:** paulputs@arcusconsulting.co.za; **Arcus Reference / Arcus-verywsing:** 3073 Paulputs WEF

*Correspondence throughout the remainder of the PPP and EIA Process will only be distributed to Registered I&APs. Registration is possible throughout the EIA Process.*

*Vir die duur van die PPP- en EIA-proses sal slegs geregistreerde B&GP's korrespondensie ontvang. Registrasie sal gedurende die EIA-proses moontlik wees.*

X1V5QPND-DB160119



# Daniëlskuil: Dwelmhandelaars vasgevat

**GEMSBOK-DANIELSKUIL: Lede van die Upington Openbare Orde Polisiering en Danielskuil SAPD onder bevel van luit.-kol Jacques September, waarnemende stasiekommissaris, het die afgelope week dwelmhandel 'n nekslag toegedien.**

'n Verdagte, 25 jaar oud is gearresteer nadat inligting opgevolg is. Beslag is gelê op dwelms ter waarde van R10 000. Die verdagte is van Pelastraat, Tlhakalathou, naby 'n huiswinkel in besit betrap met 100 Mandrax tablette wat in 'n plastieksak versteek was.

Die verdagte is gearresteer en het in die Postmasburg se landdroshof verskyn op aanklag van handel in dwelms.

Die SAPD daar het ook op Vrydag, 11 Januarie 2019, inligting ontvang van nog dwelms wat in Tlhakalathou verkoop word.

Terwyl hulle Vrydagaand besig was met die "veilige feestydseisoen" optredes het die lede in twee hutjies langs mekaar dwelms gevind wat na bewering verkoop is. 'n 36-Jarige verdagte is in hegtenis geneem nadat 89 en 'n half mandrax-tablette by hom gevind is met 'n geskatte straatwaarde van R8 950-00.

By die tweede hut is 'n 57-jarige manlike verdagte gearresteer nadat 16 pokies dagga, asook kontant van R803 by hom gevind is.

Albei verdagtes het Maandag, 14 Januarie 2019 in die Postmasburg se landdroshof verskyn.

Tydens dieselfde misdaadvoorkomingsoperasies het die polisie ook vyf persone in hegtenis geneem vir dronkenskap en oproerige gedrag en een verdagte in 'n poging tot moordsaak.




*Luit.-kol Jacques September, waarnemende stasiekommissaris op Daniëlskuil saam met ander SAPD lede.*

## MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

### KENNISGEWING K1/2019

**VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN GEDEELTE 108 VAN PLAAS MIER NO. 585**

Dawid Kruiper Munisipaliteit het die onderstaande beplannings - en/of grondgebruiksaansoek ontvang vir oorweging:

**Perseel:** Restant van Gedeelte 108 van die Plaas Mier No. 585, Mier
**Ligging:** ± 240km Noord van Upington
**Eienaar:** W Eiman / CJ Eiman
**Aansoeker:** JLN Van Zyl
**Huidige Sonering:** Landbou 1 (C.a.2)

**Aard van aansoek:**
Gedeelte A (±0.77ha) word afgesny van die Restant van Gedeelte 108 van die Plaas Mier No. 585. Die afgesnyde gedeelte sal steeds aangewend word as Landbou.

Nadere besonderhede is verkrygbaar vanaf die Raad se Stadsbeplanner, Telefoon 054 338 7074, gedurende normale kantoorure (Maandag tot Vrydag, 07:30 - 12:30 en 13:30 - 16:30) en besware teen die aansoek, indien enige, moet skriftelik voor of op Vrydag, **08 Februarie 2019**, by die Raad se Stadsbeplanningsafdeling ingedien word. Indien enige persoon wat kommentaar wil lewer/vertoë wil rig, nie kan skryf nie, kan sodanige persoon gedurende normale kantoorure by Mnr J du Plessis by kantoor 071 aanmeld, waar sodanige persoon se kommentaar/vertoë op skrif gestel sal word.

### NOTICE N1/2019

**PROPOSED SUBDIVISION OF A PORTION OF THE REMAINDER OF PORTION 108 OF FARM MIER NO. 585**

Dawid Kruiper Municipality has received the following planning- and/or land use application for consideration:

**Property:** Remainder of Portion 108 of the Farm Mier No. 585, Mier
**Location:** ± 240km North from Upington
**Owner:** W Eiman / CJ Eiman
**Applicant:** JLN Van Zyl
**Current Zoning:** Agricultural (C.a.2)

**Nature of application:**
Portion A (± 0.77ha) will be deducted from the Remainder of Portion 108 of the Farm Mier No. 585. The deducted portion will still be used as Agriculture.

Full particulars can be obtained from the Town Planner of the Council, Telephone 054 338 7074, during normal office hours (Mondays to Fridays, 07:30 - 12:30 and 13:30 - 16:30) and objections against the application, if any, must be lodged in writing to the Town Planning Section of Council on or before Friday, **08 February 2019**. Any person with objections against the application, who is unable to write, can report to Mr J du Plessis in office 071, during normal office hours, who will put such a person's objections in writing.

E NTOBA MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER

## ORTMAN AND JOHNSON BROKERS

**VAKANTE POS 1 : ONTVANGS DAME**
Kwalifikasies: Matriek/ Graad 12
Ondervinding en Rekenaar vaardigheid
Salaris : R5500.00 onderhandelbaar
Sluitings Datum : 25/01/2019

**VAKANTE POS 2 : FINANSIELE ADVISEURS**
Kwalifikasies: Matriek
Ondervinding en Verwysings is noodsaaklik van vorige Werknemers.
Kommisie verdeling : 70%-80%
Sluitings Datum: 25/01/2019

***Kontak:***
***Ortman and Johnson Brokers***
***Licensed Financial Services Provider***
***+27 (0)53 831 2212 (telephone)***
***trevorortman98@gmail.com (email)***
***078 652 0377 (cell)***

## OPENBARE VEILING

**A.P. VAN DER WALT AFSLAERS**

In opdrag van die Eksekuteur van boedel wyle Olebogeng Audrey Jacobs, sal die volgende onroerende eiendom per openbare veiling verkoop word:

**HYDRAGEASTRAAT 6477, KATHU**
**(Ook bekend as Erf 6477, Kathu)**

**DATUM VAN VEILING: 01 FEBRUARIE 2019**

**PLEK: HYDRAGEASTRAAT 6477, KATHU**

**TYD: 12H00**

**TERME:**
- 10% deposito op koopsom betaalbaar na afloop van die veiling;
- 7.5% afslaerskommissie betaalbaar na afloop van die veiling;
- Verkoping geskied voetstoots ("as is") en ooreenkomstig titelvoorwaardes.
- Munisipale rekening tot datum van registrasie betaalbaar deur Boedel.

**KONTAK:**
F. Engelbrecht: 053-832 8134/5

**A.P. van der Walt**: 082 788 0410

KARSTEN

## KARSTEN GROEP

Die Karsten Groep is 'n prominente en vooruitstrewende uitvoer vrugte produsent in die Benede-Oranjerivier en benodig die dienste van 'n

## FINANSIëLE KLERK

Bogenoemde pos is beskikbaar by die Meganiese Werkswinkel op die plaas Roepersfontein, Kanoneiland wat 30 km van Upington geleë is.

**Vereistes en vaardighede:**
- Graad 12 met rekeningkunde as vak en minstens drie jaar toepaslike ervaring
- 'n Na-skoolse kwalifikasie in 'n rekenkundige rigting sal die aansoek versterk
- Geldige bestuurslisensie
- Vermoë om onder druk te werk en sperdatums na te kom
- Passie vir finansiële kontroles en 'n oog vir noukeurigheid
- Sterk verbale en geskrewe kommunikasie vaardighede
- Ondervinding in 'n werkswinkel omgewing sal die aansoek versterk
- Kennis van krediteure, debiteure, voorraadbeheer en bestellings sal in die aansoeker se guns tel.

**Sleutel prestasie areas sluit die volgende in, maar is nie beperk tot die volgende nie:**
- Voorraadbeheer
- Krediteure
- Debiteure
- Oopmaak en verwerking van werkkaarte
- Algehele werksverrigting op Accpac stelsel
- Fakturering
- Akkurate administrasie m.b.t tydstate
- Instandhouding van voorraad stelsels
- Inlees van ontvangstes en uitreikings
- Voorraad opnames, beplanning en bestellings
- Dataverwerking
- Rapportering en verslagdoening aan Werkswinkelbestuurder en Rekenmeester.
- Rekonsiliasies
- Liassering & Administrasie
- Voorraadstoor huishouding en netheid

Vir verdere navrae oor die pos kan Esta Titus gekontak word by tel no. 054 491 9320 of 079 145 9364

Stuur u CV gerig aan die Menslike Hulpbron Beampte na faks no. 086 292 7810 of e-pos belindap@karsten.co.za.

Vergoeding is onderhandelbaar in ooreenstemming met toepaslike kwalifikasies en ondervinding en sluit al die byvoordele in wat eie is aan 'n groot en gevestigde onderneming.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE IS 25 JANUARIE 2019.**

*Kandidate wat geen terugvoering binne drie weke na bogenoemde sluitingsdatum ontvang nie, kan hul aansoek as onsuksesvol beskou.*

ARCUS

**NOTIFICATION OF ENVIRONMENTAL AUTHORISATION PROCESS**

Notice is hereby given of a Public Participation Process (PPP) to be undertaken in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended.

**DEA Reference Number:** To be allocated upon submission of application.

**Nature and Location of Activity:** Paulputs Wind Energy Facility (RF) (Pty) Ltd are proposing development of the Paulputs Wind Energy Facility (WEF) and associated grid connection, located approximately 50 km east of Pofadder in the Northern Cape Province. The proposed development will comprise up to 85 wind turbines and have a maximum generating capacity of 300 MW.

**An application for a Scoping and Environmental Impact Assessment (EIA) process for the proposed Paulputs Wind Energy Facility and associated infrastructure will be submitted to the competent authority, the Department of Environmental Affairs (DEA), for a decision.**

**Applicable NEMA Listed Activities:** LN1 GN R327 11 (i); 19; 24 (ii); 27; 48 (i) & 56 (i) (ii). LN2 GN R325 1 & 15 (i). LN3 GN R324 4(g)(ii)(ee); 10(g)(ii)(ee); 12(g)(ii); 14(g)(ii)(ff); 18(g)(ii)(ee) & 23(g)(ii)(ee).

Should you wish to be registered as an **Interested and Affected Party (I&AP)** and/or receive more information on the project, please respond to this notification by submitting your name, interest in the project, email address, postal address and telephone number as well as any comments in writing to the address provided below.

**KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGINGGSPROSES**

Kennis word hiermee gegee dat 'n Proses van Openbare Deelname (PPP) ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998), soos gewysig, onderneem word.

**DEA se verwysingsnommer:** Sal toegeken word by indiening van aansoek.

**Aard en ligging van aktiwiteit:** Paulputs Wind Energy Facility (RF) (Edms.) Bpk. stel die ontwikkeling van die Paulputs-windkragaanleg (WEF) en gepaardgaande infrastruktuur voor, wat ongeveer 50 km oos van Pofadder in die Noord-Kaap geleë is. Die voorgestelde ontwikkeling sal tot 85 windturbines beslaan en 'n maksimum opwekkingsvermoë van 300 MW genereer.

**'n Aansoek om 'n Omvangbepaling- en Omgewingsimpak-assesseringsproses (EIA) vir die voorgestelde Paulputs-windkragaanleg en gepaardgaande infrastruktuur sal aan die bevoegde owerheid, die Departement van Omgewingsake (DEA), vir 'n besluit voorgelê word.**

**NEMA Gelyste aktiwiteite:** LN1 GN R327 11 (i); 19; 24 (ii); 27; 48 (i) & 56 (i) (ii). LN2 GN R325 1 & 15 (i). LN3 GN R324 4(g)(ii)(ee); 10(g)(ii)(ee); 12(g)(ii); 14(g)(ii)(ff); 18(g)(ii)(ee) & 23(g)(ii)(ee).

Indien u geregistreer wil word as 'n **Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP)** en/of verdere inligting wil ontvang, stuur asseblief u naam, belang by die projek, e-posadres, posadres en telefoonnommer, asook enige skriftelike kommentaar aan die adres hieronder verskaf.

**Contact Details / Kontak Besonderhede**

**Contact Person / Kontakpersoon:** Aneesah Alwie **Arcus Consultancy Services South Africa,**
Office 220 Cube Workspace, Cnr Long Street and Hans Strijdom Avenue, Cape Town, 8001 / h/v Langstraat en Hans Strijdom laan, Kaapstad, 8001; **Telephone / Telefoon:** +27 21 412 1529;
**Fax / Faks:** +27 86 762 2885; **E-mail / E-pos:** paulputs@arcusconsulting.co.za;
**Arcus Reference / Arcus-verywsing:** 3073 Paulputs WEF

*Correspondence throughout the remainder of the PPP and EIA Process will only be distributed to Registered I&APs. Registration is possible throughout the EIA Process.*

*Vir die duur van die PPP- en EIA-proses sal slegs geregistreerde B&GP's korrespondensie ontvang. Registrasie sal gedurende die EIA-proses moontlik wees.*

**AGPACK** is 'n gevestigde en gerespekteerde verskaffer van verpakkingsmateriaal wat deur middel van verskeie takke, 'n noodsaaklike diens aan beide die lokale asook uitvoer vrugtebedryf lewer. Ons beskik tans oor die onderstaande pos en benodig 'n vaardige, entoesiastiese en toegewyde persoon om by ons wenspan aan te sluit.

## Debiteureklerk: Kakamas

**Pligte en verantwoordelikhede sluit die volgende in:** Plaas van bestellings by verskaffers en hantering van relevante dokumentasie; neem en deurgee van bestellings; hantering van afleweringsnotas volgens prosedures; fakturering aan kliënte op gerekenariseerde stelsel en uitstuur van maandstate; maandelikse verslagdoening van verkope; opvolg van debiteure volgens ooreengekome terme; toesien dan verskillende verkoopspryse toegepas word soos per kwotasie; kommunikeer prysveranderinge met kliënte; verantwoordelik vir hantering van kleinkas, kontant verkope asook kleiner aankope; hantering van algemene kantooradministrasie en skakelbord, insluitend hantering van tydelike werkskontrakte; skakel met ander takke; en verskaf hulp en bystand aan takbestuurder met ondere voorbereiding van kwotasies.

**Die ideale kandidaat beskik oor die volgende:** Ten minste drie jaar praktiese werkservaring in kantooradministrasie; kennis en ondervinding in pakmateriaal en/of vrugtebedryf sal u aansoek versterk; goeie interpersoonlike vaardighede met sterk kommunikasievaardighede in beide Afrikaans en Engels; rekenaarvaardigheid en ondervinding in gerekenariseerde boekhoustelsel (bv. Sage) is verpligtend; basiese kennis van verkope en hantering van relevante dokumentasie; baie sterk administratief met fokus op die bereiking van sperdatums; uitstekende beplanningsvaardighede; aandag aan detail en akkuraatheid; energiek met innoverende geaardheid asook die vermoë om gefokus onder druk te funksioneer; bereidwillig om oortyd te werk wanneer nodig; geldige bestuurslisensie en/of toegang tot eie betroubare vervoer; en verkieslik woonagtig in Kakamas of nabye omgewing.

**Minimum kwalifikasie:** Graad 12 / St. 10

**Vergoeding:** 'n Markverwante vergoedingspakket word aangebied.

**Sluitingsdatum:** 30 Januarie 2019

Navrae en aansoeke kan gerig word aan Lita Groenewald by epos recruitments@overbergagri.co.za, faks 086 599 6606 of aansoeke kan by die Overberg Hoofkantoor, Donkinstraat, Caledon ingehandig word. Aansoeke moet asseblief vergesel wees van geldige afskrifte van die kandidaat se identiteitsdokument, hoogste kwalifikasies en die besonderhede van minstens TWEE kontakbare werksreferente.

Dui asseblief duidelik aan vir watter pos u aansoek doen.

Ingevolge die maatskappy se Gelyke Indiensnemings plan sal aan geskikte kandidate uit die aangewese groepe voorkeur gegee word.

Indien kandidaat nie binne 6 weke na die sluitingsdatum terugvoer ontvang het nie, kan aangeneem word dat aansoek onsuksesvol was.

AGPACK behou die reg voor om 'n aanstelling te maak, al dan nie.

AGPACK AGRICULTURALPACKAGING

OVERBERG 100 1918 - 2018

GAEA ENVIRO

## NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT (EIA)

juwi

juwi Renewable Energies (Pty) Ltd (the applicant) proposes to construct and operate three 100 Megawatt (MW) solar photovoltaic (PV) facilities (Paulputs PV1, Paulputs PV2 and Paulputs PV3) and associated electrical infrastructure approximately 25 km north-east of Pofadder within the Khaî-Ma Local Municipality in the Northern Cape Province. In terms of the National Environmental Management Act (Act 107 of 1998, as amended) and EIA Regulations, a full Scoping and Environmental Impact reporting (S&EIR) process is being conducted for the construction of each PV facility. The Scoping Reports were released in August 2018 and approved by the competent authority (DEA) in November 2018. You are hereby notified of the release of the draft EIA reports for Paulputs PV1, Paulputs PV2 and Paulputs PV3 for a 30-day public review and commenting period from 22 January 2019 to 20 February 2019. The reports are available at the public library and municipal office in Pofadder, or can be downloaded from the project webpage: https://gaeaenviro.wixsite.com/paulputspv

If you wish to register on the project database and submit comments on the reports, please send your contact details and comments to info@gaeaenviro.co.za or POBox 17, Clanwilliam 8135. For more information please contact Gaea Enviro at +27 (0) 27 470 0111.

GAEA ENVIRO

## KENNISGEWING VAN OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (OIS)

juwi

juwi Renewable Energies (Edms) Bpk (die aansoeker) is van voorneme om drie fotovoltaïse sonkragaanlegte van 100 MW elk (Paulputs PV1, Paulputs PV2 en Paulputs PV3) en geassosieërde kraglyne te installeer en bedryf ongeveer 25km noord-oos van Pofadder in die Khâi-Ma Plaaslike Munisipaliteit in die Noord-Kaap Provinsie. In terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998, soos gewysig) en OIS-regulasies, word 'n Omvangs- en OIS vir die konstruksie van elke PV-fasiliteit uitgevoer. Die omvangsverslae is in Augustus 2018 vrygestel en goedgekeur deur die bevoegde owerheid (DEA) in November 2018. U word hierdeur ingelig van die vrystelling van die OIS-verslae vir die Paulputs PV1, Paulputs PV2 en Paulputs PV3 projekte vir 'n kommentaarperiode van 30 dae vanaf 22 Januarie 2019 tot 20 Februarie 2019. Gedrukte weergawes van die OIS-verslae is beskikbaar by die publieke biblioteek en munisipale kantore in Pofadder. Die OIS-verslae kan ook verkry word van die webtuiste: https://gaeaenviro.wixsite.com/paulputspv

Om op die databasis te registreer en om kommentaar op die verslae te lewer, stuur asseblief u kontakbesonderhede en kommentaar aan info@gaeaenviro.co.za, of Posbus 17, Clanwilliam 8135. Vir meer inligting kontak Gaea Enviro by +27 (0) 27 470 0111.